Hoërskool **DE KUILEN** High School
SCIRE EST POTENTIA

Geagte ouers

**SKOOLGELDE VIR 2025**

1. Ons verwelkom graag u kind as leerder by Hoërskool De Kuilen.
2. **'n GESERTIFISEERDE AFSKRIF van die leerder se finale Graad 7-rapport (vir 2024) en die oorspronklike SOBIS-oorplasingsvorm, moet op 15 Januarie 2025 om 07:30, ingehandig word. SONDER DIE 2 DOKUMENTE SAL DIE LEERDER NIE TOEGELAAT WORD OM DIE SKOOLJAAR TE BEGIN NIE.**
3. Die skool heropen om 07:45 op Woensdag, **15** Januarie 2025.
4. Maar op Dinsdag, **14** Januarie 2025, meld die graad 8-leerders ***(nie ouers nie)*** om 07:15 aan **met volle SOMER skooldrag – sonder** die skoolbaadjie en skooldas – vir die program wat om **07:30 begin en om 12:00 eindig**. Leerders moet 'n kospakkie saambring, daar is 'n kort pouse en die snoepie gaan NIE oop wees nie.
5. **Handboeke is op lening** vir die jaar aan die leerders en ouers hoef **nie** handboeke of skryfboeke vir **2025** aan te koop nie – dis ingereken by die skoolgelde. Alle gr. 8's moet hul skooltas saambring (hulle gaan reeds van hulle boeke kry).
6. Die skoolbeheerliggaambrief van 31 Oktober 2024 is aangeheg, om u te vergewis van die betalingsopsies van die skoolgelde vir **2025**.
7. U word versoek om **Afdeling A en Afdeling B** in die aangehegte *"Bepalings en Voorwaardes"*-vraelys te voltooi **wat inhandig moet word by die registerklasopvoeder op 15 Januarie 2025,** asseblief.
8. Indien dit u keuse is om maandeliks per debietorder te betaal, word u versoek om die debietorderbesonderhede-vraelys ***"Afdeling C"*** te voltooi wat inhandig moet word by die registerklasopvoeder op **15 Januarie 2025**, asseblief *(om ons in staat te stel, vir die aktivering van die debietorder, vir die vordering op 3 Februarie 2025)*.
9. Die totale skoolgeld vir **2025** is **R25300** (Vyf en Twintigduisend Driehonderd Rand) **per leerder.**
10. Op **24 Januarie** 2025 (op die laatste) **is verpligte skoolgelde van R1000** (kontant) **vir Januarie** betaalbaar, vir alle leerders alvorens studiemateriaal beskikbaar gestel word.
11. Die res van die skoolgelde is maandeliks **vooruitbetaalbaar** vanaf **3 Februarie tot 3 November** en kan kontant/per direkte bankdeposito/per internet (EFT)/per debietorder gedoen word.
12. Gebruik die leerder se **toelatingsnommer** vir alle betalings – anders word ons taak bemoeilik om gelde te allokeer.

13. Vir **2025** is die bedrag **R2 430 per maand,** per leerder, vir **tien** maande – nadat die **R1000 in Januarie** van die totale bedrag van **R25300 (Vyf en Twintigduisend Driehonderd Rand**) afgetrek is.

14. **Vorms vir nuwe leerders moet by die registerklas op 15 Januarie 2025 ingehandig word, asseblief.**

15. **Moet geen vorms per e-pos terugstuur nie, asseblief** – die opvoeder moet dit afmerk op die klaslyste om diegene op te volg wat uitstaande is.

16. Die skool se bankbesonderhede is as volg:

- BANK: **ABSA**, Zevenwacht Mall, Kuilsrivier
- **TJEK**REKENINGNOMMER: **4056574126**
- TAKKODE: **632005**
- VERWYSING: **2025**
- BEGUNSDIGDE: **H/S De Kuilen**